

REEKS: SAAM VOLG ONS CHRISTUS

WANNEER JESUS JOU AANRAAK

Mar 1:40-45 Daar kom toe 'n melaatse man na Hom toe wat smekend op sy knieë voor Hom neerval en vir Hom sê: "As U wil, kan U my gesond maak." (41) Jesus het hom jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak. Hy sê toe vir hom: "Ek wil. Word gesond!" (42) Sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn en hy het gesond geword. (43) Jesus het hom dadelik weggestuur, nadat Hy hom ernstig aangespreek (44) en vir hom gesê het: "Moet vir niemand iets hiervan vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring die offers vir jou reiniging wat Moses voorgeskrywe het. Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het." (45) Hy het egter gegaan en dit wyd en syd begin verkondig en dit oral geloop en vertel. Daarom kon Jesus nie meer openlik in 'n dorp kom nie en het Hy gewoonlik buite in die oop veld gebly. Tog het die mense van alle kante af na Hom toe gekom.

WANNEER JESUS JOU AANRAAK

- 1 DIE GROOT ELLENDE VAN DIE MELAATSE
- 2 DIE ENIGSTE HOOP VAN DIE MELAATSE
- 3 DIE HELENDE DEERNIS VIR DIE MELAATSE
- 4 DIE VERRASSINGS IN HIERDIE VERHAAL



SAAM-PRAAT:

- 1 Bespreek: hoe sou jy dink en voel indien jy 'n melaatse was ? Wat sou vir jou die ergste wees?
- 2 Watter vorms van ellende van stukkende mense sien ons vandag rondom ons? Wat dink jy is die ergste van ellendes rondom ons?
- 3 Wat hoor jy in die woorde van die melaatse "As U wil, kan U my gesond maak" ?
- 4 Wat leer ons oor Jesus in vs 41 ? Watter troos hou dit vir jou in?
- 5 Gesels oor die woorde: *Jesus, the compassionate one, enters fully into the mess of our lives*
- 6 Na sy genesing kon die gewese melaatse net nie stil bly nie- al het Jesus hom verbied om te gaan vertel. Waarom kon hy nie stilbly nie? Waarom sukkel die Here om ons aan die praat te kry oor Hom?